



Maart, April & Mei 2022

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

DS LEON TAIT EN GESIN GROET NA 27 JAAR BY NG RIETFontein-SUID

Liewe lidmaat,

Op Saterdag, 12 Februarie 2022, het Ds Leon Tait die beroep na NG Durbanville-Bergsig in die Kaap aanvaar. Ons neem op 27 Maart 2022 tydens die oggenddiens van Ds Leon en sy gesin afskeid.

As Kerkraad wil ons graag vir Ds Leon dankie sê vir sy leierskap, toewyding en ondersteuning die afgelope 27 jaar. Ons weet dit was nie altyd maklik nie en daar was heelwat uitdagings die afgelope paar jaar. Maar ons is dankbaar dat ons 'n predikant gehad het wat voor geloop het, getrou gebly het aan sy roeping, ons met liefde bedien het en die leiding gegee het wat ons nodig gehad het. Ds Leon, dankie vir al jou liefde, wysheid, omgee en opofferings. Dankie veral vir jou omgee-hart, jou passie vir die evangelie, Skrifgetroue prediking en vir die deernis waarmee jy ons gemeente begelei het. Ons wens jou en jou gesin baie seën en voorspoed toe.

Die beroep na Durbanville het soos 'n warrelwind julle lewe in 'n ander rigting gestuur. Tog weet ons dat julle groot vrede het en dat dit die Here se wil is wat besig is om uit te speel in julle lewe.

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD



Mag julle elke dag die Here se teenwoordigheid en leiding ervaar.

Ds Leon, ons gun jou die nuwe hoofstuk in jou bediening.

Dit is die Here wat jou gekies het en ook verder sal lei op die pad vorentoe.

Ons groet Ds Leon en gesin met 'n swaar hart, maar ons weet hulle gaan gelukkig en geseënd wees.

Julle sal altyd in ons harte wees en die Tait's sal altyd 'n spesiale plek in ons gemeente hê.

Baie liefde,

Die Kerkraad 2022



- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ♦ **5 Maart:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **12 Maart:** Kerkbasaar
- ♦ **17 Maart:** Skole Sluit
- ♦ **21 Maart:** Vakansiedag: Menseregtdag
- ♦ **2 April:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **5 April:** Skole Open
- ♦ **15 April:** Goeie Vrydag, Nagmaal @ 9:00
- ♦ **27 April:** Vakansiedag: Vryheidsdag
- ♦ **2 Mei:** Vakansiedag
- ♦ **7 Mei:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **8 Mei:** Moedersdag
- ♦ **26 Mei:** Hemelvaartdag



The first
wealth is
health.

-Ralph Waldo Emerson

veganposters.com

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



Basaar: Saterdag 12 Maart

Hier op kerkgronde

Vanaf
9:00



- Pannekoek, Teetuin,
- Koek, Basaarpoeding.



Kom geniet saam !!!
'n Heerlike
geesbou-basaar



- Boereworsrolle,
- Slaptjips, Koeldrank

vir jonk
en oud

- Wit Olifant stalletjie
- Verskeidenheid speletjies



HELP ASSEBLIEF

Benodig finansiële bydraes, borge vir pryse vir speletjies, gebak (soos poeding en koek) en hande om te help tydens basaar.

Kontak asseblief vir Herman by 082 461 1152

Kom geniet die basaar se lekker kuier, heerlike eetgoed, pret en speletjies vir oud en jonk.

TEGNOLOGIE EN JOU HUWELIK

- deur Gretha Wiid

Ek kan my nie die lewe sonder 'n foon, rekenaar en televisie voorstel nie. Om 'n hele ensiklopedie tot jou beskikking te hê met die druk van 'n knoppie, of kontak met jou vriende en familie te geniet ongeag waar jy jouself in die wêreld bevind – dit is alles wonderlike toevoegings tot ons lewe. Soos met alle goeie dinge, moet ons egter waak teen die nadele van daardie einste goeie ding.

Tegnologie dra by tot ons lewe, maar kan ook steel

Die Woord waarsku ons dat die vyand soos 'n brullende leeu rondloop en dat hy as die engel van die lig kom. Hy gebruik alles wat goed is en positief tot ons lewe kan bydra, en verdraai en vernietig dit; daarom moet ons as kinders van die Here waaksaam wees! In dieselfde mate waartoe tegnologie tot ons lewe kan bydra, kan dit ook steel! Die steel tyd, kommunikasie, emosie en kan ons op allerlei vreemde paaie lei.

Ek sien tot my groot verdriet hoe tegnologie honderde huwelike wat my pad kruis, uitmekaar skeur in die naam van ontspanning, kuier en netwerk. Die hartseer saak is dat die situasie nie verbeter nie!

Werklik nie genoeg tyd nie?

'n Paar jaar gelede kon jy jou kantoordeur toetrek en huis toe gaan. By die huis was die rys, vleis en aartappels gaar, en die kinders se huiswerk gedoen. Vandag lyk die prentjie anders. Ons werk langer ure, netwerk met kliënte en as ons by die huis kom, loop ons onself teen tegnologieskerms vas.

Ons kla daar is nie genoeg tyd vir belangrike dinge en vir daardie betekenisvolle kommunikasie in ons huwelik nie, maar as ons al die ure bymekeer moet tel wat ons bestee aan ander se inskrywings, video's, foto's en kommetaar op sosiale media, kon ons al met verlof gegaan het met al die werk wat ons sou kon afhandel. As sommige huwelike net die tyd kon kry wat aan sport voor die televisie- en rekenarskerm bestee word, sou duisende gesinne anders daar uitgesien het. Naar, maar waar!

'n Generasie van emotikons

Sosiale media bring ons miskien nader aan ons mense wat ons nie gereeld sien nie, maar dit neem ons beslis verder weg van ons naaste verhoudings en die mense in ons huis. Ons lê in die bed en beloer ander se lewe via Facebook – en dit terwyl ons nie altyd weet hoe die een wat langs one lê se lewe lyk of wat in sy of haar hart aangaan nie. Ons stomp af, praat minder en kyk mekaar nie

meer lank genoeg in die oë nie.

Ons is die generasie van emotikons. Elke WhatsApp het 'n gesiggie by en moet probeer beskryf hoe ons voel. Ons raak woordarm, emosie-arm! Dit is makliker om 'n gesiggie te kies wat lag, huil of bloos as om te praat oor die emosie of dit te probeer verduidelik. Ons is soos skape met die like-knoppie, en is meesters met al die geel gesiggies. Tog verloor ons om die diepste dinge van ons hart te deel – iets wat broodnodig is vir 'n gesonde huwelik. Ons moet mekaar se hart ken, dinge uitpraat.

Wees eerlik met jouself – ter wille van jou huwelik

Die eerste stap van enige oorwinning en Vryheid, is om introspeksie te doen en eerlike te wees. Daarom moet jy vandag kies om nie die vinger te wys na jou maat wat dalk heeldag voor die televisie sit of voor die rekenaar werk nie. Sien jou eie gewoontes raak. Raak bewus van jou eie patrone, en kies doelbewus! Net soos al die tegnologie oornag verhoudinge kan leeg suig, kan ons gelukkig ook oornag nuwe gewoontes aan-kweek.

Spandeer tyd saam

Jy kan jou selfoon in die aand afskakel of kies om dit verder van jou bedkassie af te bêre sodat jy gedwing word om nie daarna te loer wanneer jy jou oë oopmaak in die oggend nie. In plaas daarvan kan jy kies om emosionele en fisiek tyd met jou maat deur te bring. As jy 'n grens wil hê, moet jy 'n grens sê! En ja, ek weet dat dit meer as een mens kos om 'n verhouding te laat werk en dat albei die televisie of hulle foon moet afskakel vir kwaliteittyd, maar dit is immers 'n goeie begin as julle al daarvoor kan praat en daar 'n bewustheid rondom die kwessie in die huis is.



Kies versigtig

Sosiale media het die vermoë om ons op te sweep, negatief te maak of van die wal in die sloot te laat gly met alles wat ons lees en kyk. Dit het die vermoë om 'n lekker dag met slegte nuus eensklaps te verander, of die begin te wees van kompromieë in wat ons glo. Spreuke 4:23 leer ons dat ons veral versigtig moet wees wat in ons hart en ge-dagtes omgaan – dit bepaal op die ou end ons hele lewe! Ons kan met die verkeerde gebruik van tegnologie binne 'n oomblik vasgevang word in die vyand se strikke en kettings. 2 Tim 2:26 verduidelik so mooi hoe die satan met ons sal maak wat hy wil – as ons net eers in die strik getrap het! Ons selfoon kan 'n duistere wêreld wees waar ons in die geheim besig is met dinge waarvan ons maats salig onbewus is. Alles kan deesdae uitgevee word, onder skuilname gebeur en toegesluit word agter wagwoorde.


Inhoud kan groot invloed hê

Dit is gevolglik uiters belangrik dat ons versigtig sal kies omdat die inhoud wat ons lees of kyk ons verhoudige beïnvloed, ons grense kan laat verslap en met ons koppe kan smokkel. Ons moet ons hart nagaan en eerlik wees oor wat ons volg op ons selfoon, rekenaar en televisieskerms. Is jou maat bewus van al jou 'chats'? Volg jy dinge en mense wat navolgingswaardig is en wat 'n positiewe invloed op jou huwelik het!

Julle verbond is die belangrikste

Die mees inspirerende inskrywings en prente kan jou dalk 'n hupstoot gee, maar dit bly steeds slegs God se Woord en Waarheid wat ons waarlik vrymaak. Tegnologie is miskien hier om te bly, maar so ook jou verbond met jou maat! En dit verdien 'n dubbel-'like'!

Wiid G. Mei 2017, *Juig! Tydskrif*, *Tegnologie en jou Huwelik*,
Volume 9 Uitgawe 4, bl 40 - 42.



RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

Tree Valley Academy

EARTH DAY



<u>4 letter words</u>	<u>5 letter words</u>	<u>6 letter words</u>	<u>7 letter words</u>	<u>8 letter words</u>	<u>10 letter words</u>	<u>12 letter words</u>
bees	earth	seeds	forest	compost	clean air	conservation
cans	glass	trash	lights	ecology	Earth Day	reusable bags
soil	green	waste	oceans	flowers	plant a tree	
	metal	water	planet	garbage	save energy	
	paper	reduce	plastic			
			recycle			
				<u>9 letter words</u>	<u>11 letter words</u>	<u>13 letter words</u>
				pollution	environment	biodegradable
				volunteer		climate change



MATTEUS 28:1-20

S	W	S	U	S	J	A	Y	S	O	O	B	D	Y	N	S	Y
L	E	F	Y	W	T	E	G	O	E	W	E	R	N	E	U	R
E	G	H	A	N	E	S	K	W	E	E	R	L	I	G	A	E
P	A	S	E	M	Y	L	E	W	T	N	N	C	A	E	O	D
I	L	E	W	H	I	G	S	A	B	B	A	T	D	A	G	A
S	I	O	E	P	E	L	D	G	C	D	V	F	S	N	E	G
S	L	N	R	G	O	L	I	T	A	Y	O	N	G	A	K	R
I	E	S	R	E	O	N	O	E	O	O	O	Y	N	S	R	E
D	A	O	J	S	G	A	B	P	H	D	R	A	I	I	U	V
N	E	N	H	T	O	G	O	R	E	O	K	N	W	E	I	E
T	E	D	A	E	F	O	E	O	M	O	O	O	E	S	S	R
I	S	A	A	E	D	T	P	W	E	I	M	F	B	N	I	T
U	U	G	S	L	S	F	T	G	L	E	S	W	D	E	G	E
R	S	M	T	E	A	S	E	H	E	S	I	S	R	E	U	L
O	A	O	I	R	Y	Y	A	T	A	W	T	H	A	U	S	S
O	S	R	G	S	M	A	G	D	A	L	E	N	A	J	E	U
V	P	E	W	E	B	E	G	A	N	D	C	K	L	E	R	E

AARDBEWING

DISSIPELS

DOOIES

DOOP

FAMILIEHOOFDE

GALILEA

GEBEWE

GEGROET

GEKRUISIG

GETWYFEL

GOEWERNEUR

GRAF

HAASTIG

HEMEL

KLERE

KLIP

MAGDALENA

OPGEWEK

PRIESTERHOOFDE

SNEEU

SOLDATE

SONDAGMÔRE

SABBATDAG

VERGADER

NAG

WAGTE

WEERLIG

WEGGEROL

VOORUIT


VOORKOMS

VERTEL

NASIES

GESTEEL

April 2021, Juig! Tydskrif, Volume 13 Uitgawe 3, bl 8.



3			8	1		2
2		1		3	6	4
			2	4		
8		9			1	6
	6					5
7		2			4	9
			5	9		
9		4		8	7	5
6			1	7		3

2			7	4	8	
	9		2			5
		6		9		1
	1		4		8	2
3				6		1
		2			9	
		4				9
	7					6
		8	5	1	6	7

Hidden Pictures®

Shoes for Roos

By Viki Woodworth

Can you find these hidden objects?



In this big picture, find the candy cane, can, frying pan, slice of pizza, crown, ring, fried egg, lamp, envelope, snail, paper clip, fish, teacup, baseball bat, elf's hat, caterpillar, pointy hat, and thimble.



candy cane



can



frying pan



slice of pizza



crown



ring



lamp



fried egg



envelope



snail



paper clip



fish



teacup



baseball bat



elf's hat



caterpillar



pointy hat



thimble

WEES GELUKKIG

- deur Lizette Mobey

Ons almal smag na geluk, maar min vind dit. Die strewe na geluk is universeel, strek oor kulture heen en is tydloos. Vir die meeste mense is geluk ontwykend en vir baie van ons ook verwarrend. Kerklik oorlewing het die indruk dat heiligheid en geluk nie saamgaan nie, diep in die mens se psige gelaat – Jesus staan tog bekend as die “*Man van smarte*”.

Jesaja 53:3-4 beklemtoon hierdie gedagte: “*Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – dié het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*”

Stres en spanning is deel van ons alledaagse lewe

Dis waar, maar tog nie die volle waarheid nie. Stres en spanning vorm deel van ons alledaagse lewe. Dit is seker net uitsonderlike mense wat geen spanning van enige aard beleef nie. Die moderne mens word vasgevang in tyd, skedules, doenlystes, werk- en gesinstressors. Ek is seker daarvan dat ons elkeen somer so vinnige vyf stressors kan opnoem.

Gee doelbewus aandag aan jou stress

Hierdie stressors het ’n bepaalde uitwerking op ons belewenis van geluk. Stres is een van die grootste oorsake van siektes in die wêreld. Stres en spanning beïnvloed ons elkeen op ’n unieke wyse, asook hoe ons dit hanteer. Die hantering van emosionele stress speel ’n groot rol in die belewenis van geluk. Om doelbewus aandag aan jou stress te gee, is die eerste stap om gelukkig te wees.

Is dit belangrik om gelukkig te wees?

Die vraag wat natuurlik nou na vore kom, is of geluk belangrik is. Onlangse navorsing het die volgende aan die lig gebring.

- Ervaring van geluk transformeer mense na beter aangepaste mense.
- Gelukkige mense betoon meer medelye teenoor ander.
- Gelukkige mense is meer kreatief, asook meer energiek.
- Gelukkige mense is bereid om te waag.

Ons is gesalf met vreugde-olie

Die Bybel leer ons dat die regverdige gesalf is met vreugde-olie (Psalm 45:8 en Hebreërs 1:9). Wat beteken die salwing dan vir ons? Salwing het interessant genoeg ’n praktiese oorsprong. Die skaapwagters het hulle skape se koppe met olie bedek om te verhoed dat luise en ander insekte in die diere se ore kruip – iets wat dikwels tot hulle dood gelei het. Die doel was dus beskerming, seën en bemagtiging.

Die Nuwe Testamentiese Griekse woord vir salf, is *chrio* wat letterlik beteken om met olie ingevryf te word en per implikasie, 'n teken is van priesterlike diens. Vandag kan ons sê dit is 'n teken van dissipelskap.

Wat 'n wonderlike gedagte kom hier na vore. Ons is gesalf met vreugde-olie, wat ten doel het om ons te beskerm teen die stressors van die lewe.

Wat kan ek en jy doen om geluk in ons lewe te beleef?

- Vriendelikheid is aansteeklik. Raak betrokke by uitdagings om vriedelik te wees soos 'Acts of kindness'-uitnodigings, waarvan daar verskeie op sosiale media is; of begin self een!
- Naweke is regtig goed vir ons! Geniet jou naweke – gebruik die geleentheid om met familie en vriende kontak te maak, te rus en iets interessants te doen.
- Neem beheer! Navorsers het bewys beheer oor jou eie lewe het 'n positiewe uitwerking op jou emosionele gesondheid.
- Geluk kan skuil in die klein dinge. Waardeer en wees dankbaar vir alles, maak nie saak hoe klein of onbelangrik dit dalk mag wees.

*Mobey L. Mei 2017, Juig! Tydskrif, Wees Gelukkig, Volume 9
Uitgawe 4, bl 60 - 61.*



If I am really a child of God, then of necessity my heart is already the temple of God and Christ is already within me.

What is needed is only that I shall recognize His presence and yield fully to His control.



Sometimes when you see a person cry, it's better not to ask why. Sometimes it takes only three words to make them happy again.

And those three words are:

"I am here" ~Unknown



Vreugde in die Meester se diens

Die twee en sewentig het teruggekom
en gesê: "Here, selfs die bose geeste
onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam."

Lukas 10:17

Jesus het 72 van sy dissipels uitgestuur om in sy Naam die evangelie te verkondig en hulle het kom vertel wat hulle alles in sy Naam gedoen het.

Dikwels dink mense aan hulle werk in Jesus se Naam as 'n noodsaaklike maar vervelige roeping. As jy jou tyd en arbeid volkome aan Hom toewy, sal jy nie alleen jou werk met vertroue aanpak nie, maar jy sal ook die vreugde ondervind wat aan jou gemoedsrus gee omdat jy jou taak in sy krag en tot sy eer verrig.

*Getroue Here Jesus, met U aan my sy
arbei ek met blymoedige selfvertroue
in elke taak wat U aan my opdra. Amen.*

Gelukkige Moedersdag - 8 Mei



NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag: Januarie 2021 tot Desember 2021

Inkomste vir die tydperk	R2 138 601
Uitgawe (1 - 5)	<u>R2 268 881</u>
1 Geestelike toerusting Gemeenteliede	R1 538 237
2 Instandhouding Eiendomme	R 270 593
3 Gemeente Infrastruktuur	R 180 227
4 Diens v Barmhartigheid	R 155 756
5 Sending	R 124 078
Tekort	R 130 280

Daar is innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir al die lidmate wat getrou hul bydraes gee. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil met jul bydraes maak.

Growth is painful.
Change is painful.
But nothing is as
painful as staying
stuck somewhere
you don't belong.
Mandy Hale

WWW.LIVELIFEHAPPY.COM

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100